Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Om met gesag te praat . . .

Skriflesing: Markus 1:21-28 en Psalm 111

Broodjies vir die pad

"The disciples of Jesus "found themselves thinking that if divine goodness were to manifest itself in human form, this (he) is how it would behave… he invited people to see differently instead of telling them what to do or believe…he located the authority of his teaching in his hearer's hearts, not in himself or God-as-removed."
— Huston Smith, The World's Religions

"God wills our liberation, our exodus from Egypt. God wills our reconciliation, our return from exile. God wills our enlightenment, our seeing. God wills our forgiveness, our release from sin and guilt. God wills that we see ourselves as God's beloved. God wills our resurrection, our passage from death to life. God wills for us food and drink that satisfy our hunger and thirst. God wills, comprehensively, our well-being—not just my well-being as an individual but the well-being of all of us and of the whole of creation. In short, God wills our salvation, our healing, here on earth. The Christian life is about participating in the salvation of God."
— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

Verpleegster

Nogeens moet haar
moeë oë
opkyk na die lig,
weg van die snerp
van COVID-19 se kil gesig:

al lê die
olie in haar lamp
lankal veels te vlak
en moet sy te dikwels
onder meedoënlose druk
na asem snak;

al eb haar moed
soms soos die dag
se laaste sonnegloed
weg oor die kim

as donker skadu's dreigend
uit hul skuilings klim,

bly sy die hoop
wat naarstig glim;

sy weet:
haar moeë oë
op die lig,
haar wil wat aanhou beur
is mede-voorvegter
en pasiënt
se allerlaaste
verweer;

deur ander se heil gerig
is sy twintig-twintig
se beeldskone gedig.

Salvia Ockhuis

"Authority is granted to people who are perceived as authoring their own words, their own actions, their own lives, rather than playing a scripted role at great remove from their own hearts. When teachers depend on the coercive powers of law or technique, they have no authority at all."
— Parker J. Palmer, The Courage to Teach: Exploring the Inner Landscape of a Teacher's Life

"Education derives from the verb educe, which means "to draw forth from within." The original teaching method of Socrates has been largely displaced by professorial deference to received scholarly authority. By and large, our students are taught how to take exams but not to think, write, or find their own path."
— James Hollis, Finding Meaning in the Second Half of Life: How to Finally, Really Grow Up

"I have preferred to teach my students not English literature but my love for certain authors, or, even better, certain pages, or even better than that, certain lines. One falls in love with a line, then with a page, then with an author. Well, why not? It is a beautiful process."
— Jorge Luis Borges

"I would argue that Jesus has always been recontextualized by people living in different times and places. The first followers of Jesus did this after they came to believe that he had been raised from the dead and exalted to heaven: they made him into something he had not been before and understood him in light of their new situation. So too did the later authors of the New Testament, who recontextualized and understood Jesus in light of their own, now even more different situations. So too did the Christians of the second and third centuries, who understood Jesus less as an apocalyptic prophet and more as a divine being become human. So too did the Christians of the fourth century, who maintained that he had always existed and had always been equal with God the Father in status, authority, and power. And so too do Christians today, who think that the divine Christ they believe in and confess is identical in every respect with the person who was walking the dusty lanes of Galilee preaching his apocalyptic message of the coming destruction. Most Christians today do not realize that they have recontextualized Jesus. But in fact they have. Everyone who either believes in him or subscribes to any of his

teachings has done so—from the earliest believers who first came to believe in his resurrection until today. And so it will be, world without end."
— Bart D. Ehrman, How Jesus Became God: The Exaltation Of A Jewish Preacher from Galilee

Om jou opnuut soos 'n kind te kan verwonder

Wilhelm Jordaan

Hoe ouer ek word, hoe meer oortuig is ek dat die musiekgroep Die Heuwels Fantasties 'n singewende singende mantra in hul luisterliedjie "Mangemaak" verwoord: "Ek wens nou weer ek was nie / 'n grootmens nie . . ."

My protes teen mangemaakte reëls oor grootmenswees is dat dit jou so maklik die soort lewensborreling ontneem wat jy as kind had en algaande langs die pad bietjies-bietjies verloor het.

Dit is 'n lewensborreling waaroor die Nederlandse digter Adriaan Morriën skryf: "Kinders speel met onsigbare dinge / Hulle gaan met minder as 'n skaduwee om! / Wat vir ons stom is, maak vir hulle geluid. / Waar ons niks sien nie, sien hulle die mooiste oë."

Wat sê dat ons as volwassenes se oordaad van kennis en kundigheid maak dat ons verleer om soos 'n kind verwonderd te kyk én werklik te sien! Die filosoof Aristoteles het gesê verwondering is die moeder van 'n filosofie wat elke dag nuut maak.

Hoe verloor 'n mens dié soort verwondering?

Daar word geredeneer in die vroeëre mensdom was alle volke digtersvolke en alle mense het poëtiese vermoëns gehad – juis omdat hul gedagtewêreld nie deur die rede oorheers is nie.

Dit beteken die "digter" in die hart van die hardnekkigste denkende volwassene het reeds vroeg gesterf! Jy't jou spontane digterskap verloor en gewoon "dig" geraak, tóé, afgesluit.

Dié "sterfgeval" gebeur maklik. Wanneer ons kinders klein is, lag ons graag oor die kleingoed se verbeeldingryke sêgoed en vertel almal wat wil hoor (én nie wil hoor nie). Maar sodra hulle skool toe gaan – en ons begin wonder en kommer oor hul vermoëns en of hulle sal presteer – korrigeer ons hul spontane seggings, pleks van verbeeldingryk en saamspelend op te gaan in die kind se woordwêreld en hom of haar algaande bewus te maak van die nut van konvensionele taalgebruik.

Só gaan die kind se ondersoekende nuuskierigheid en verbeeldingskrag, wat juis in die bekoorliker, spontane taalruimtes gevoed word, algaande verlore – onder die druk van al die stilmakende en teregwysende voorskrifte wat orde skep, goedkeuring bring en prestasies oplewer.

Hoe kry 'n mens iets van 'n verwonderende verbeelding terug? Vir die digter D.J. Opperman lê dit in 'n diepstrekkende vereenselwiging met alles wat gegee is: "Ek gee my daeliks aan die skepping oor, / soos in 'n bus op pad na die kantoor, / ek, in 'n spel van vereenselwiging, / plakkaat word, perd, visjong en die sering . . ."

Sulke vereenselwiging bring nuwe moontlikhede, nuwe begrip oor en vir mense se dinge. Dit besorg jou die hartstog van die medewete én die medelye met alles wat gegee is.

Daaruit kom 'n genaakbaarder menslikheid.

Sodat jy ook raaksien wat 'n ander raak, nadink wat 'n ander dink en navoel wat 'n ander voel. Dit vra nie dat jy 'n digter word nie; net 'n bietjie meer vereenselwigend poëties leef.

** Jordaan is 'n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/om-jou-opnuut-soos-n-kind-te-kan-verwonder-20210119

Brood vir die pad

Wat sê ons tyd in soveel stilte?

Abraham H. de Vries

Met die eerste grendeltydperk verlede jaar het ek hier in Kaapstad al agtergekom: dié stilte is nie net 'n gebrek aan die bekende geluide en lawaai van 'n stad se strate en stemme, van wind en weer nie.

Wat was met ons aan die gebeur?

Ons het begin om mekaar nie meer met die hand te groet nie, nie aande lank met vriende te gesels nie. Waar ons loop, moes ons nie nader nie as anderhalf meter weerskant van mekaar beweeg. Pamflette en koerante wou dat ons ons kinders van jongs af dit leer.

Nederlandse kollegas het begin praat van "anderhalf samelewings" waar gemeensaamheid, medemenslikheid en beïnvloeding stil aan die verdwyn was. Die waarde van instink en sosiale verkeer het verlore gegaan, het plek gemaak vir iets dodelik onsigbaar.

Eensaamheid het vrees geword.

As boorling van die Klein-Karoo, die droë wêreld waar alles deurdrenk is van medemenslikheid, wou ek weet wat het dáár verander? Ek het dié wêreld lief, ek is deel van Kannaland.

Word die outydse godsdienstige plate nog gespeel op groot spelers op die sypaadjie voor die stadsaal? Kom die aartappels en pampoene en wortels agterop die vragmotor van die plaas af? Koop almal nog die week se benodigdhede by die winkel met die bekende naam? Staan mense nog voor die Duitse kerk met mekaar en gesels? Vertel hulle in die kafee van die doen en vrese van die kinders in die buiteland?

O, ja, hulle probeer, hulle probeer almal. Maar verlede week was daar net 'n bakkie of twee voor die boerekoöperasie en voor die wynkelder. Al moet die druiwe binnekort geoes word. Wie gaan die wyn aan wie verkoop? Wanneer?

Dit word nou in 'n wet voorgeskryf.

Eensaamheid het oral "minstens gesond lewe" geword. Al dra jy 'n polshorlosie om jou te waarsku teen 'n wêreldwye dodelike virus.

Ons werk nie meer op kantoor nie. Ons sit alleen tuis boodskappe en tik, ons werk by die huis soos kollegas by hulle s'n. Geriefliker en eensamer. Ons neem musiek, beelde, boodskappe op met ons telefone, stuur dit weg en wag op antwoorde.

Hierdie stiltes is nie beperk tot plekke nie, dit dwaal al eeue oor al wat berge is en dale. Strate en stede. Selfs oorlog en vrede.

Daar is lande waar stilte die gevolg was van oorlog. Victor Klemperer (Tot het bittere einde) en Harry Mulisch (Het stenen bruidsbed) noem die verswelgende stilte die oggend van 14 Februarie 1945 in die gebombardeerde kunsstad Dresden. Die lug was leeg ná die bombardemente deur die Geallieerdes die vorige aand en die Amerikaners die daaropvolgende oggend. Hier en daar 'n sagte kraakgeluid: Fluisteringe van die dood.

Daar is "abnormale" stiltes wat "normaal" is.

Daar is lande waar die inwoners swygend luister – van Tsjeggo-Slowakye tot die Tankwa-Karoo.

Vroeër het ons met mekaar gepraat, nuus meegedeel, mekaar gewaarsku met telefone, briewe, telegramme; nou kommunikeer ons met Skype, Zoom, Whats-App, lees ons e-koerante.

Maar nog nooit het ons met mekaar gekommunikeer in groter stiltes nie.

** De Vries is 'n skrywer.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wat-se-ons-tyd-in-soveel-stilte-20210122

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877